



DIE Riviertjie

JENNINGSSTRAAT 55 STRAND TEL 021 853 5991

Jaargang 16 * Nr 132 * APRIL 2017

LEES BINNE

Gemeentenuus	2
Fokus op die Huwelik	4
Gebedsaksie	5
Reseptehoekie	6-7
Mosambiek: Quionga	8
Mosambieknuus	9
Kinderblad	10
Blokkiesraaisel	11
Advertensie	12

SKULPIES

Dis 'n pragtige wintersoggend in Mosselbaai. Ek sit op 'n rots ek woel my vingers deur die miljoene skulpies op die strand. Die kinders speel net 'n entjie vêrder en terwyl ek hulle dophou voel ek hoe die vrede van die omgewing oor my spoel. Die seelug is verbasend warm en die klanke van laggende kinders, sagte branders en 'n skertsende seemeeu vul die stiltes. 'n Opgewonde labrador kom verby gebons en spring pens en pootjies binne-in 'n rots poel. Terwyl ek die bedrywighede op die strand dophou, maak ek 'n hand vol perfekte klein skulpies bymekaar. Hulle is nog nie stukkend gemaal deur die branders of verweer deur die son en sand nie. Die kinders kom nader gehardloop en my dogtertjie gee vir my 'n hand vol skulpies om te hou.



Ek vou my hand oop en kyk na dit wat sy bymekaargemaak het. Daar is miskien een heel skulpie, die res is stukkend. Party is verbleik deur die son en ander is glad gemaal deur die die golwe. "Kyk mamma!" sê sy, terwyl sy die skulpies een vir een op die rots langs my pak. "Hierdie twee is pienk, dis my beste kleur. Die drie oranje skulpies is vir my niggies. Hierdie enetjie is grof soos pappa se baard en die wittetjie is sag soos jy. Die bloue is vir boetie want dis sy beste kleur." Sy hou 'n verbleikte verweerde stukkie skulp teen die lug en sê "Hierdie ene is die mooiste . . . Het jy gesien dis 'n hartjie mamma?" "Ek dink die see maak partykeer hartjies van stukkende skulpies en dan tel mense dit op en dan onthou hulle dat Jesus vir hulle lief is." Sy draai om en hardloop terug strand toe . . .

Ek kyk haar agterna terwyl ek my hand vol perfekte skulpies oopvou . . . Waarom streef ons so na perfektheid as dit in werklikheid nie bestaan nie? Ons sloof onself daaglik af om te bou aan die illusie van 'n perfekte prentjie, die perfekte huis, die perfekte kinders om maar net oor en oor teleurgestel te word deur die onbereikbare leegheid daarvan. Dis asof niks in die wêreld mens vervul nie.

vervolg op bl 3

*Die Riviertjie
Bydraes moet die
Kerkkantoor voor
12:00 op Maandag,
13 Maart bereik!*

*Ons vou op
Vrydag, 24 Maart
die Riviertjie.*

LOURENSRIVIER GEMEENTE

Fontein van Hoop; Strome van Seën & Liefde; Rivier van Lewende Water (Eseg. 47)

Kol.3:11 Christus alles en in almal.



Wat's Nuus?

HIERDIE BLADSY IS SPESIAAL OM WYKSNUUS AAN ONS GEMEENTE DEUR TE GEE.

WIE VIER HUL GOUE BRUILOF? WIE HET TAGTIG OF NEGENTIG GEWORD OF HONDERD? KOMAAN WORD BIETJIE MEELEWEND EN GEE BIETJIE WYKSNUUS DEUR, OF IETS KOMIES ÓF INTERESSANTS WAT GEBEUR HET (SOMMER MET 'N FOTO BY).

Baie vreugde en seën

DOOP 5 MAART 2017:


BABA: Chris-Maré Cloete

OUERS: Christof & Marelize



ONS GEMEENTE SE LIFELINE YOUTH WAS BY #IMAGINE OP BREDASDORP VAN 17 – 21 MAART

Hierdie jongmense het die naweek 'n wonderlike kamp beleef saam met duisende jongmense regoor die land, waar hul saam die Here geloof het en geleer het wat dit is om jou geloof te LEEF in jou huis en in jou gemeenskap.



SKULPIES: vervolg van bl 1

Die woord praat egter van 'n geskenk, 'n heerlike geheimenis waar daar perfekte vervulling is:

Kol 1:27. God het besluit om aan hulle bekend te maak hoe seënryk en heerlik hierdie geheimenis vir die nasies is. Die inhoud daarvan is:

Christus is in julle, Hy is julle hoop op die heerlijkheid. Ons geskenk is die teenwoordigheid van Christus in ons. Dis so groot dat ons dit nie eers kan begin om dit werklik te verstaan nie. Ek het eendag die volgende verduideliking gehoor: Die geskenk van Jesus Christus in ons is

soos om 'n diamantring in 'n checkers sak toe te draai. Die verpakking verminder nie die waarde van die inhoud nie. Om Christus in ons te hê, verander nie wie God is nie, maar dit verander wel wie ons is. Dit verander wat ons doen, hoe ons praat en waarheen ons op pad is. Ek kyk weer na my hand vol perfekte skulpies en ek gooi hulle oor my skouer. My dogtertjie se verweerde en vernielde skulpies het soveel meer waarde as 'n hand vol perfekte skulpies. Haar skulpies het betekenis en vertel 'n storie van die liefdes in haar lewe. Net so is ons, met ons tekortkominge en foute baie meer werd omdat Jesus Christus in ons woon. Ten spyte daarvan dat ons deur die lewe verbleik en verweer is, vertel ons ook 'n storie. Die mooiste storie oor oneindige liefde en 'n Man van Nasaret wat die dood oorwin het en wat die wêreld se hoop is op heerlijkheid!

Here, Dankie, vir die liefdes in ons lewe. Gee vir ons die wysheid om die leë dinge in die lewe eenkant toe te stoot. Leer ons om met ons harte te kyk en nie met ons oë nie sodat ons die hartjies wat U baie keer uit die stukkende dinge vir ons maak, sal raaksien. Amen (Rosa Duvenhage)




Flameros®
CHICKEN GRILL
187 Main Road, Strand
021 854 7774

Dance-in-Line Worx

'n Dans waaraan almal kan deelneem

Alleen dans op - "Country of Latin of Pop of Disco of Irish", ens. musiek!



Kom sluit by ons aan ...!

Klasse: Maandae tot Donderdae

Plek: Lourensriviergemeente se saal, Strand

Skakel gerus vir Martie (083 287 7040) vir meer info.



FOKUS OP DIE HUWELIK

'n Verhouding vir Christus

1 Johannes 4:11-12:

Geliefdes, as dit is hoe God sy liefde aan ons bewys het, behoort ons mekaar ook lief te hê. Niemand het God nog ooit gesien nie, maar as ons mekaar lief het, bly God in ons en het sy liefde in ons sy doel volkome bereik.

In my verhoudings wil ek ook 'n verskil maak. Ek is nie volmaak nie, maar sal graag vir die man aan my sy 'n tikkie van God se volmaakte liefde wou bring.

Ek sou graag my huwelik wou heilig hou vir Christus.

Dit is so wonderlik dat God mense in verhoudings geplaas het. God het reeds aan die begin van alle tye gesien dat dit nie goed is dat die mens alleen is nie, daarom het God dit so gewil dat ons 'n maat kan hê.

Soms beland ons deur omstandighede in verhoudings wat onuithoudbaar vir onself is en nie tot eer van God strek nie. Ons word vasgevang in 'n web waaruit ons wil kom, maar nie in staat is om op eie houtjie uit te kom nie.

Ons bid dan "Here wat staan my te doen? Waar begin ek die verskil maak in my verhoudings? Begin ek by myself? Begin ek met gebed?"

Lees dan:

Spreuke 16:3

Laat wat jy doen, aan die Here oor, dan sal jou voornemens geluk.

Is dit so maklik? Dit is vir my as mens so moeilik om hierdie waarheid aan te gryp!

Tog lees ek verder in Spreuke 16:20. Wie ag gee op die woorde van die Here, sal voorspoed geniet; wie op die Here vertrou, met hom gaan dit goed.

Here seën ons en ons verhoudings sodat ons tot eer van U kan lewe!

Christa Jonker-Jordaan

HERLEWING: Om nuut te lewe.

Joh 14:18 "Ek sal julle nie as wese agterlaat nie"

Lied 237:1 - Jesus maak hier 'n belofte om altyd by die gelowiges te bly deur teenwoordigheid van die Heilige Gees.

Die Gees sal in en by die gelowiges woon en dit bring 'n intieme band tussen God en ons, die gelowige kind. Die hartseer is egter dat ons hierdie belofte lees en dit nie ter harte neem nie maar net vergeet en ons begin leef soos weeskinders en dryf al verder weg van ons Vader af.

Ons gaan nog steeds aan soos die gemeente van Efese om alles reg te doen, maar die Vaderhart is eina en sê vir ons **"Ek het dit teen julle, julle het my nie meer so lief soos in die begin nie"**

Ons het vergeet dat ons aan die Vader behoort en nie aan onself nie en begin om liefdeloos te lewe net vir eie belang en gerief. Ons liefde vir Christus verflou en so ook ons naasteliefde.

Ons lewe nie 'n roekelose lewe nie nee, ons doen als wat reg is.... ons steel, vloek, skinder nie openlik nie. Sondae luister ons na 'n mooi preek by kerk of by die huis, maar in die proses begin ons liefde geleidelik verkoel en die liefdesband met ons Vader word papier en swakker... ons liefde verflou onbewustelik. Ons begin minder tyd saam met Hom deurbring en ignoreer die stem van die Heilige Gees met allerhande susgedagtes.

Die gevolg van hierdie weeskind-lewe is honger en dors wat nie versadig word nie, daar is nie meer krag om vorentoe te gaan nie, swarmoedig en mismoedig ipv vol vreugde en blydschap. Bybellees raak 'n gewoonte en gebed 'n gesug ipv lofsang.

Jy is 'n weeskind.... eensaam en alleen jou lamp is nie meer brandend nie. Spreuke 4:18 leer ons moet wees soos die oggendlig wat al helderder skyn maar ons lewe is donker. Hoe nou?

Kom ons bid vir persoonlike herlewing:

Bid Ps 51:12. Skep vir my 'n rein hart, o God, vernuwe my gees.

Wanneer die Woord praat van hart is dit ons denke. Ons bid dat God ons denke moet vernuwe. God se manier om ons te laat herlewe is om ons nuut te laat dink, want ons denke rig ons hele lewe. Daarom is ons natuurlike denke selfgerig. Slegs nuwe manier van dink gaan ons nuut laat lewe. Rom 12:2 leer "laat God julle verander deur julle denke te vernuwe". God en Hy alleen kan dit doen deur die leiding en werking van die Heilige Gees wat ons leer dat ons uit onself en eie krag tot niks instaat is nie maar deur Jesus se roepende liefde en die Vader se genade begin jy onderskei en anders dink oor gebed, eredienste Bybelstudie, jou verhouding met ander en die positiewe plan wat God vir jou lewe het.

Gaan terug na jou binnekamer. Die Here beveel in Hosea 10:12 "ploeg nuwe land, vra na My wil sodat Ek my weldade oor jou kan uitgiet".

Glo dit, oordink dit en vra die Heilige Gees vir nuut, positief dink "en die vrede van God wat alle verstand te bowe gaan, sal oor julle harte en gedagtes die wag hou in Jesus Christus". God se vrede maak die lewe nuut....

Here vernuwe asseblief my denke.



WEEK 2-8 APRIL 2017: SELF VERNUWE WORD

Ps 139:23-24 Deurgrond my, o God, deurgrond my hart, ondersoek my, sien tog my onrus raak. Kyk of ek nie op die verkeerde pad is nie en lei my op die beproefde pad.

Here ek soek na U want ek is op 'n pad weg van U af. Here U ken my diepste gedagtes en besluite en ek is onrustig in my binneste help asseblief vir regte besluite en weerhou my van verkeerde gedagtes Here wees betrokke in my denke en laat ek voortdurend naby U bly dat ek die regte pad saam met U sal loop... die pad van liefde vir U om naby U te wees en ook U liefde uit te straal na my naaste.

Here breinspoel my denke deur U Heilige Gees en rig my denke tot 'n nuwe persoonlike verhouding met U wat van binne my lewe en gedrag bepaal en so U genade en vrede ervaar... Dankie Jesus dankie Bid ook lied 245

WEEK 9-15 APRIL 2017: NUWE GESIN (wees voorbeeld)

Deut 6:6-7 Hierdie gebooie wat ek jou vandag gee moet in jou gedagte bly. Jy moet dit inskerp by jou kinders, by die huis, op pad, as jy slaap en opstaan.

Here gee asseblief dat U gebooie my gedagtes deurdrenk en vashou sodat my optrede in my huis so sal wees dat my gesin U liefdesgebed deur my doen en optrede sal sien en ervaar. Here laat gebed en die Woord 'n daaglikse deel van my huisgesin wees. Laat my gewoontes en oortuigings so wees dat my gesin sal kan leer om te onderskei tussen reg en verkeerd. Here gee in my U liefde om daardeur U liefde oor te dra na my gesin en 'n atmosfeer te skep waarin geloof en liefde sal groei en blom. Bid lied 155

WEEK 16-22 APRIL 2017: GEMEENTE NUWE LEWE

Opb 2:4-5 Maar Ek het dit teen julle: julle het My nie meer so lief soos in die begin nie. Bekeer julle en doen weer wat julle in die begin gedoen het.

Here my hart huil voor U en vra asseblief genadige Vader, laat liefde vir U en U alleen elkeen van ons in Lourensrivier gemeente oorspoel. Laat elkeen weer opnuut in U nuwe lewe van liefde vind. Gee vir ons 'n nuwe hart om U te dien en die volheid van U Heilige Gees om ons toe te rus sodat aanbidding en besig wees met U Woord ons eerste prioriteit sal wees en nie soos die gemeente van Efese so besig te wees met alle gemeentelike bedrywighede dat ons vergeet dat alles net gaan om liefde vir U en liefde vir ons naaste Maak ons 'n lofprysende, aanbidde gemeente en aan U Redder Here net uit dank ons lewe wy. Bid ook lied 284

WEEK 23-29 APRIL 2017: NUWE BLYDSKAP

Joh 20:21 Jesus sê "Vrede vir julle"

Dankie Jesus vir U vredesgeskenk daarom wil ek sing tot U eer; ek wil nie stilbly nie. Here my God vir altyd sal ek U loof. U lof verkondig Here. Lied 214



ONS GEMEENTEVROU SE RESEPTEHOEKIE

Ek seën jou met 'n sagte hart, 'n hart vol liefde. Seën jou met God se wysheid in elke besluit van jou lewe.



KERRIE & RYS (500ml bakkie)

Porsies = 7 (hoogvol 250ml koppies)

3 uie (\pm 500 g) (gekap in stukkies)
1 kg Beesvleis (in blokkies – net kleiner as 2.5cm x 2.5cm) of vir gewoon bedien 3cmx3cm
2-3 wortels (200 – 300g) (grofgerasper)
500g aartappelblokkies (nie groter as 2cmx2cm)
15 ml (1 El) matige kerrie (of na smaak)
3 stukke kaneel
5 ml (1 tl) borrie
45 ml (3 El) Appelkooskonfynt of om die helte
Perskeblatjang (na smaak)
5 ml suiker (1 tl) (obsioneel)
10 ml (2 tl) sout (of na smaak)
Knippie peper
10 - 15 ml druive asyn of suurlemoensap
15 ml (1 el) meelblom

Skil en kap uie in stukkies. Braai in warm olie tot ligbruin.

Voeg vleis by en 1 kop kookwater.

Stoom in stoompot vir 5 minute.

Vleis moet net-net gaar wees.

Voeg wortels en aartappels by.

Meng kerrie, borrie, kaneel, meelblom, suiker, sout, peper, asyn/suurlemoensap en roer in.

Prut op lae hitte vir 20 min..

Voeg kookwater by indien kerriesous té dik is..

(1 Kg gaar Tastic Rys = \pm 20 koppies)

GEROOSTERDE VARKVLEIS MET SALIE EN MOSTERD

Porsies genoeg vir 4 persone

Tyd 40 minute.

30 ml olyf- of advokado-olie

30 ml botter

2 varkfilette

Sout & varsgemaalde swartpeper na smaak

Sous:

8 vars salieblare

250 ml hoenderaftreksel

30 ml Dijon-mosterd

125 ml suurroom

Verhit die olie en botter in 'n braaipan en soteer die varkfilette aan albei kante tot deurgaar en goudbruin aan die buitekant – ongeveer 25 minute.

Geur goed – sny in dik snye en hou eenkant tot benodig.

Maak die sous:

Plaas die salieblare en hoenderaftreksel in dieselfde pan waarin die vleis gaargemaak is.

Brint tot kookpunt en roer goed om enige stukkies vleis los te maak wat aan die boom van die pan kleef.

Syg die sous deur 'n sif en gooi die stukkies weg.

Giet die deurgesnyde sous in 'n skoon pan – roer die mosterd in en laat prut tot effens verdik.

Plaas die varkfilette in die sous en roer die suurroom in.

Laat prut tot deurwarm en sit dadelik voor met groente of ander bykosse van jou keuse.

GEBRAAIDE STEAK

1 Kg “rib eye” steaks

10 ml grofgemaalde sout

10 ml varsgemaalde swartpeper

10 ml knoffelsout

1 tot 2 el Worcesterhiresous

Sny af alle los vet. Steak by kamertemperatuur voor braai.

Meng sout, peper en knoffelsout in n klein bakkie.

Vryf steaks aan albei kante mildelik met Worcesterhiresous.

Sprinkel sout, peper en knoffelsoutmengsel aan albei kante oor.

Wenke:

Beter om steaks oor warm kole te braai as oor vlamme.

Plaas rooster 4 tot 12 cm bokant kole.

Steaks moet gebraai word tot 140 grade gemeet vir medium gaar.

Laat rus steak onder tin foil vir 5 min – sny in skywe en bedien dadelik.

PERFEKTE KRISPIE "EISBEIN"

2 gerookte "Eisbeins".

1 ui (in kwarte gesny)

1 wortel (grof gekap)

1 loerierblaar

Plaas "eisbeins" in 'n groot pot. Voeg al die bestanddele by met genoeg water om dit te bedek.

Bring tot kookpunt. Verlaag hitte en kook teen lae hitte vir 1½ uur.

Vleis moet sag wees en vel sag. Verwyder uit pot en druk droog met 'n handdoekrolpapier. Sny vel diagonally met 'n skerp mes en sout goed.

Plaas onder 'n warm rooster tot vel krispie is.

Draai dit om sodat dit rondom krispie gebraai is.

Bedien saam met gekookte aartappels met klontjies botter, pietersielie, "sauerkraut" en sterk mosterd, asook appelpuree.

GESONDE BROKKOLI SLAAI

½ brokkoli kop – grof gekap

¼ groen kool – fyn gekap

3 groot wortels – geskraap en gerasper

1 el ekstra virgin olyfolie

1 tl wit balsamic asyn

4 el suikervrye lae GI mayonnaise (Canola mayonnaise – verkrygbaar by Dischem en Food Lovers)

3 el vars pietersielie (fyn gekap)

Himalayan sout en swart peper (na smaak)

2 el lig geroosterde sesamiesaad

Gooi gekapte brokkoli, kool, wortels en pietersielie in 'n groot mengbak en meng deeglik.

Meng olyfolie, mayonnaise, wit balsamic asyn, sout en peper en meng deeglik met slaai.

Versier met sesamiesaad en laat rus 'n uur voor bedien.

OKKERNEUT TERT

3 eierwitte

1 kop suiker

1 lmo[[oe Lre,etart

1 tl vanielje essens

14 cream crackers

1 tl bakpoeier

½ kop gekapte okkerneute

300 ml styfgeklopte room

1 flake sjokolade

Klits eierwitte styf en voeg suiker bietjie vir bietjie by. Dan kremetart en vanielje essens.

Breek cream crackers in klein stukkies en voeg bakpoeier en gekapte neutte by.

Vou cream cracker mengsel in eierwit en gooi in tertbord.

Bak @ 180°C vir 30 minute.

Wanneer afgekoel, vul met geklopte room en versier met flake sjokolade.

RATATOUILLE

1 groot eiervrug

1 groot ui

3 – 4 tamaties

4 medium murgpampoentjies

Sout

Pietersielie }

Origanum } na smaak

Sweet basil }

Olie om in te braai

Skil die eiervrug, sny in skywe en strooi mildelik sout oor.

Laat staan vir ± 15 minute.

Was of vee sout af en sny in blokkies.

Braai die uie in olie.

Voeg gesnipperde tamaties by en meng. Voeg eiervrug en dun gesnyde murgpampoentjies by – dan die sout en kruie.

Prut saggies vir ± 20 minute tot sag en gaar. (Roer af en toe).

Kan ook soetrissie en sampioene saam met uie braai.

QUONGA

Gebedsbrief 3-2017

Ons tyd in Suid-Afrika het nou op 'n end gekom. Ons beplan om môremiddag deur die grens te gaan. Bid asseblief saam met ons vir 'n gladde kruising. Bid ook saam vir die paaie en die weer. Ons hoor van rivier wat hulle banke oorstrom en moontlik ons reis oppad noorde toe kan beïnvloed. Ons wil nou regtig graag by ons eie huis uitkom en 'n slag op ons eie bed slaap!!



Na ons besoek in die Kaap het ons vertrek na Fraserburg en daar het ons 'n positiewe kuier-ervaring gehad

Ons wil regtig ons besoeke in die toekoms herbesin. Die laaste paar besoeke het ons nou baie uitgeput. Grootliks ook omdat ons kruis en dwars oor die land gereis het.

Ons het ook 'n bymekaar kuier as lede van Mission 4x4 gehad om te hoor waarmee elkeen die jaar gaan besig wees en ook om

mekaar te bemoedig. Meestal is die groot behoefte by almal finansies, as gevolg van gemeentes wat hulle bydraes sny. **Bid gerus saam met ons** daarvoor ook.

1 Korintiërs 15:58

Daarom, liewe broers, wees standvastig, onwankelbaar, altyd oorvloedig in die werk van die Here, omdat julle weet dat julle inspanning in diens van die Here nie tevergeefs is nie.



Gebedsversoeke:

- Vir die reis noord wat nou vir ons voorlê

Danksegging:

- Dankie vir julle almal se getroue gebede vir ons
- Dank aan die Vader wat ons nog altyd bewaar en onderhou het - nog voordat ons ons behoeftes aan mense kan bekendmaak, voorsien Hy reeds

Kontak en ander inligting

Andre & Anna-Marie Thiart, Quionga, Mozambique

Epos: thiartaa@gmail.com

Facebook: Makwe Mission -<http://www.facebook.com/#!/MakweMission>

Webblad: [www.gcx.org/Makwe Mission](http://www.gcx.org/Makwe_Mission)

Celnr Moz: +258 86 68 42 675 + Whatsapp

+258 84 228 9038 + Whatsapp

Celnr SA: +78 348 1914 + Whatsapp

+73 909 5288 +Whatsapp



Mosambiek Geletterdheid

"sodat hulle die Bybel kan lees"



Ons is alweer veilig terug in Milange en het geen probleme ervaar by die grens nie. Die Here is goed vir ons. Ons is alweer volstoom aan die gang met skole, voedingsprojek op donderdae en gereedmaak vir mense wat in die gastehuis kom bly (voorheen die mediese projek huis - Dr Freek en gesin is terug Nederland toe)



Die pad na die ons huis

Soos ons al aan gewoond is, is ons gereeld sonder krag en kon ons hierdie keer jaffels maak op die gas.



Oppad na Milange - teeplantasies aan Malawi kant met die Mulanie bera in die atererond



Kom kuier vir ons, hier koop ons Avokados teen 'n R1 - julle weet wat kos dit by julle in die Strand!!



Saterdagmiddag - kuier hier by een van ons Mosambiekse vriende en help sommer in die reën saam met Ivan hoenderhok


Niehan en Carmen
Kontak ons

E pos: baiewarm@yahoo.com

Whatsapp: +27 76 434 2773

Facebook : Mosambiek Geletterdheid


God is vir ons 'n toevlug en 'n beskerming:
 Hy was nog altyd bereid om te help in nood. (Ps. 46:2)



Begin by nommer 1 en eindig by nommer 90 om prentjie te voltooi.

LEESROOSTER : APRIL 2017

(Joh.11:1-45; Ps.31:1-16; Kol.3:1-4; Joh.20:19-31; Luk.24:13-35)



DWARS:

- 1 Wie in My glo, sal lewe, al hy ook. [Joh.11].
- 4 Bevry my uit die [Ps.31].
- 6 Julle moetna die dinge daarbo waar Christus is. [Kol.3].
- 8 U is my [Ps.31].
- 9 Jesus het tussen hulle gestaan en gesê: "..... vir julle! [Joh.20].
- 10 Maria het Jesus se met haar hare afgedroog. [Joh.11].
- 11 U was nie onverskillig teenoor m nie. [Ps.31].
- 14 Sy het vir Jesus met reukolie gesalf. [Joh.11].
- 16 Is daar nie uur in 'n dag nie? [Joh.11]
- 17 My tye is in U [Ps.31].
- 18 Hy is deur Jesus uit die dood opgewek. [Joh.11]

AF:

- 1 As iemand in die nag loop..... hy. [Joh.11]
- 2 Ons vriend slaap, maar Ek gaan om hom te maak. [Joh.11].
- 3 U is my Rots en my [Ps.31].
- 5 Bevry my, want U is [Ps.31].
- 6 By U, Here, ek. [Ps.31].
- 7 Lasarus was Maria se [Joh.11].
- 12 Hierdie dorpie was twaalf kilometers vanaf Jerusalem. [Luk.24].
- 13 Maria se suster. [Joh.11].
- 15 Jou broer sal uit die opstaan. [Joh.11].



**INTERNATIONAL
PROPERTY
AWARDS**

In association with

The Telegraph

BEST INTERNATIONAL
REAL ESTATE AGENCY
MARKETING


"I AM PAM"
by Pam Golding Properties

2016-2017

BEST INTERNATIONAL
REAL ESTATE AGENCY,
MARKETING.

"I am Pam" CAMPAIGN

TAKE ADVANTAGE OF OUR SUCCESS
AND MARKET YOUR PROPERTY
THROUGH US.



Edelweiss Hankey

083 252 1964 / edelweiss.hankey@pamgolding.co.za



An International
Association of Savills

pamgolding.co.za

